# Jesus se gebede

**Jesus is deur God verlaat – ons NOOIT!**
**Al sou ander mense my verlaat en in die steek laat, is ek tog nie werklik eensaam nie, want om Christus ontwil is God altyd by my. Omdat Christus ook in my plek deur God verlaat was, sal ek nooit deur Hom verlaat word nie. Is dit vir u ook tot troos? Maak dit u ook bly? Altyd by die HERE; niks kan ons van sy liefde skei nie.**

**Jesus se uitroep: *"Ek het dors"* beteken dat Jesus letterlik alles gedoen het wat sy Vader aan Hom opgedra het. Hy het alles gedoen om ons te verlos! Hy het elke belofte wat God aan ons gegee het, volledig nagekom! Daarom hoef ons nou niks meer tot ons verlossing uit die mag van die sonde BY te dra nie! Want Jesus Christus, het die Skrif, die beloftewoord van God volledig vervul!**